

Dinsdag 29 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 28:11-22

Fokusgedeelte: Handeling 28:14, 15 (1983-vertaling)

Deur die evangelie vestig die Heilige Gees gemeentes

Paulus, gedring deur die Heilige Gees, het baie kere die voorneme gehad om na Rome te gaan. Hy is deur God verhinder. Hy het die brief Romeine aan die huisgemeentes in Rome gestuur. Die huisgemeentes is sonder apostoliese inisiatief gevestig. Die Heilige Gees het deur die evangelie die Jode en heidene as gemeente van Christus afgesonder.

Uiteindelik beskik God dit so dat Paulus na Rome gaan. As gevangene van Jesus Christus is hy op sy reis na Rome swaar beproef.

Veilig in Puteoli, die hawe van Rome, word hulle deur gelowiges verwelkom en uitgenooi om sewe dae daar te bly. Van daar af is Paulus na Rome toe. Ook daar het gelowiges wat van hom gehoor het, hulle ontmoet. Gelowiges wat deur die Heilige Gees gedring is, het vir Paulus in sy geloof versterk. Toe hy hulle sien, "het hy God gedank en moed geskep"(vs 15).

Na sy aankoms in Rome het hy die vergunning gekry om op sy eie te woon. Geboei aan 'n soldaat is hy bewaak. Drie dae later het hy die Joodse leiers na hom toe uitgenooi om sy saak te stel. Hy is deur die Jode in Judea gedwing om hom op die keiser te beroep. Hy was in daardie boeie ter wille van "Hom vir wie Israel verwag"(vs 20b).

Die Joodse leiers het bevestig dat hulle geen briewe oor hom van Judea ontvang het nie. Hulle wou egter graag hoor wat hy oor die "teenstand teen hierdie rigting" het (vs 22b). Hulle antwoord moes vir hom 'n verrassing gewees het.

Die Heilige Gees, as Trooster, lei en leer ons deur die evangelie om as gelowiges op mekaar ag te gee. Onder sy almagtige leiding word gelowiges bymekaar gebring. Só word gemeentes van Christus gevestig.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)